Laerskool Westwood

Tel: 011 894 6639/0 Faks: 086 556 6113
hoof@westwoodlaerskool.org.za
www.westwoodlaerskool.org.za
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg, 1462
Posbus 26744, OOS-RAND, 1462

Geagte Wessie-ouer

Skooldrag is verpligtend. Alle leerlinge van Laerskool Westwood moet die korrekte skooldrag elke dag skool toe aantrek. Skooldrag is deel van ons skoolkultuur. Dit skep eenvormigheid, ons leerlinge lyk netjies en die beeld van die skool lyk goed. Die dra van korrekte skoolklere is nie onderhandelbaar nie. Kinetixdrag word op dae aangetrek wanneer leerlinge kinetix of LO het. Die kinetixdrag mag ook vir sekere sportsoorte gebruik word. Die afrigters sal die sportdrag wat gedra mag word aan u kommunikeer. Leerlinge kan kaalvoet of tekkies saam hulle kinetixdrag aantrek vir skool. Die sportkouse (te koop by F8 sportwinkel) of die gewone gryskouse word saam met die tekkies gedra tydens skooltyd. GEEN WIT KOUSE. Die sportkouse moet saam met sportdrag tydens sport gedra word. Geen gryskouse word toegelaat as die leerlinge kinetixdrag vir 'n sportdrag aantrek nie. In die winter mag die leerlinge hulle grys langbroeke bo-oor hulle kinetix broeke dra. Dogters mag hulle broekrompe bo-oor hulle kinetix broeke aanhou. Indien leerlinge wintersdrag bo-oor kinetixdrag aantrek moet skoolskoene gedra word. Geen tekkies saam skooluniform nie.

Ek plaas 'n uittreksel (nr. 49 & 58) uit die skoolreëls hieronder.

**SKOOLDRAG**

Ouers word versoek om slegs die voorgeskrewe skooldrag wat by die amptelike leweransier beskikbaar is, aan te koop. Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.

| **DOGTERS (Somersdrag)** | **DOGTERS (Wintersdrag)** |
|---|---|
| Grys **broekromp/culottes** (slegs by verskaffer) | Grys **broekromp/culottes** (slegs by verskaffer) |
| Skoolkouse met skoolkleure (nuwe grys kouse) | Broekie en grys "broekiekouse" soos leweransiers verskaf |
| Broekies soos deur leweransiers voorsien | OF broekie en kouse met skoolkleure OF grys langbroek |
| Wit oopslaanhemp (verkieslik met wapen) | Wit langmouhemp met das |
| OF wit oopslaanhemp met moulose trui (Pullover) | Trui met skoolkleure / skoolbaadjie |
| Swart skoolskoene | Warm windjakker met skoolkleure / Swart skoolskoene |

LW . SWEETPAKKE EN DRI-MAC'S IS NIE DEEL VAN SKOOLDRAG NIE

| **SEUNS (Somersdrag)** | **SEUNS (Wintersdrag)** |
|---|---|
| Grys kortbroek | Grys langbroek |
| Wit oopslaanhemp (verkieslik met skoolwapen) | Wit langmouhemp met das |
| OF wit oopslaanhemp en moulose trui (Pullover) | Skoolkouse met skoolkleure |
| Skoolkouse met skoolkleure | Trui met skoolkleure / skoolbaadjie |
| Swart skoolskoene | Swart skoolskoene |
| | Warm windjakker in skoolkleure |

**LW : SWEETPAKKE EN DRI-MAC'S IS NIE DEEL VAN SKOOLDRAG NIE**

**SPORTDRAG** Soos verskaf deur F8 sportwinkel op die skoolterrein. Sommige sportsoorte sal in hul kinetixdrag deelneem. Die afrigters sal aan u kommunikeer wat toelaatbaar is.

**KINETIXDRAG** Kinetixhemp (te koop by F8 sportwinkel op skoolgronde) en atletiekbroekie (te koop by leweransiers) Die seuns en dogters se atletiekbroekie verskil. Dogters kan broekromp aanhou bo-oor hulle kinetix seilbroek. Geen sweetpak word op die stadium vir skool gedra nie.

**VOORKOMS EN SKOOLDRAG**

Leerlinge moet altyd skoon en netjies gekleed wees. Skooldrag is verpligtend. Naels moet kort en versorg wees en die hare netjies. Geen gekleurde naels en hare nie. Die seuns se hare moet altyd netjies geknip wees. Die skool behou die reg voor om te besluit of 'n leerling se hare kort genoeg geknip is.

Alle dogters wie se hare oor die kraag hang, moet dit vasmaak. Slegs maroen linte of ‘n kombinasie van maroen,wit en navy “scrunchies” mag in die hare gedra word. **Geen geel bykomstighede nie**! Haarknippies kan maroen,wit,bruin of swart wees.

Leerling wat oor provinsiale kleure beskik kan die volle sweetpakke slegs Vrydae by die skool dra. Indien die leerlinge nie volledige sweetpakke het nie, trek hulle die hemp aan saam hulle kinetixbroek. Geen snaakse uitrustings, rokkies of noupassende liggaampak nie. Vir die res van die week word normale skooldrag gedra.

Om u te akkommodeer is die skool se klerebank elke Woensdag vanaf 7:00 – 10:30 oop. U kan self die klerebank besoek, of die leerling met ‘n briefie en geld na die klerebank toe stuur. Let wel die klerebank verkoop nie nuwe klere nie.

Die F8 sportwinkel se tye wissel. Hou die D6 en sosiale media dop vir tye. Meeste dae is hulle oop op Dinsdae (07:00 – 11:00) & Donderdae (13:00 – 17:00).

Ons het 2 verskaffers wat Laerskool Westwood se klere verkoop, Ekspa in Benoni en Peephole in Boksburg. Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om die regte klere en kleure (haarbykomstighede) te koop.

Soos reeds genoem in ‘n vorige skrywe gaan ons leerlinge tot einde Februarie kans gee om die kinetix klere aan te koop.

Hoedjies en plakkies by F8 is slegs vir sportdae. Geen plakkies saam skooldrag of kinetix dae nie. Hoedjies mag wel tydens die kinetix periode gedra word.

Wessie groete.